Downloaded from Stanmorephysics.com



# KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
# GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL
# DERDE KWARTAAL TOETS
# AFRIKAANS-EAT- LETTERKUNDE 2019

| | | | |
|---|---|---|---|
| **GRAAD** | : 11 | **PUNTE** | : 35 |
| **EKSAMINATRISE** | : S.REDDY | **TYDSDUUR** | : 1 UUR |
| **MODERATRISE** | : S. SUKHNANAN | **DATUM** | : 12/09 |

NAAM : ________________________________ GRAAD : ______

LW : Hierdie vraestel bestaan uit _5_ bladsye.

**INSTRUKSIES :**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Bestee 30 minute aan elke vraag.
3. Afdeling A : Poësie.
4. Afdeling B : Kortverhaal.
5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
6. Skryf netjies en leesbaar.
7. Voorletters van jou onderwysers/es moet bo-aan geskryf word – PS; SSu; ARa; PR; SRP; SRe.

Blaai om … Vraag Een

## VRAAG EEN : POËSIE – STERREKYKER

**Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg:**

### *Sterrekyker*

Ek skryf 'n brief aan die man op die maan –
bladsye en bladsye vol.
Ek rol dit in 'n koker op,
bind dit aan 'n pyl
en skiet dit met 'n wilgerboog
dat dit hoog die lug inseil.
Ek sien hoe dit deur die sterre trek
en om die maan gaan draai
en al verder deur die donker lug
'n duisend briewe saai.
Nou wonder ek
– en wonder jy? –
het hy ooit sy pos gekry,
of sou daar iemand anders wees
wat al dié briewe dalk nou lees?

**Vrae :**

1.1 Watter soort spreker kom voor in hierdie gedig? [1]

1.2.1 Kies die korrekte antwoord.
Die spreekster skryf 'n brief aan
a) 'n vriend
b) haar pa
c) die man op die maan [1]

Blaai om … 1.2.2

1.2.2 Die rymskema in hierdie gedig is
a) vrye vers
b) kruisrym
c) paarrym [1]

1.3 Hoe weet 'n mens dat die brief wat die spreekster geskryf het, is baie lank? Haal 'n versreël uit die gedig aan om jou antwoord te motiveer. [1]

1.4 Sê waarom die volgende stelling onwaar is. Motiveer jou antwoord in jou eie woorde.
'n Sterrekyker se werk is om plante en diere te bestudeer. [1]

1.5 Hoe stuur die spreekster haar brief?
Noem 3 dinge wat sy gedoen het. [3]

1.6 Identifiseer en bespreek die beeldspraak in die volgende versreël.
"en al verder deur die donker lug" [2]

1.7 Waaroor, dink jy, wonder die spreekster? [1]

1.8 Wat is die funksie van die aandagstrepe in versreël 12? [1]

1.9 Bespreek die tema van die gedig? [1]

1.10 Pas Kolom A by Kolom B. Skryf net die nommer en letter neer.

| Kolom A | | Kolom B |
|---|---|---|
| 1.10.1 | Iets wat van hout gemaak is. | A) assonansie |
| 1.10.2 | "en om die maan gaan draai" | B) enjambement |
| 1.10.3 | Die digter gebruik dit om 'n eenheid te skep | C) wilgerboog |
| | | D) metafoor |
| | | E) alliterasie |

[3]

1.11 Die spreekster het haar brief in 'n koker gestuur. Hoekom is dit 'n slegte metode? [2]

**[18]**

Blaai om ... Vraag Twee

## VRAAG TWEE : KORTVERHAAL : BODYGUARDS

Lees die onderstaande uittreksels en beantwoord die vrae wat volg :

> Ek laat my meesleur deur die musiek en die ritme van Doepie se lyf. Hy dans goed, sy oë heilig toegeknyp. Ek skat hy dink aan al die ouens wat hy kon gehad het as hy nie in hierdie godverlate plek gebly het nie. Ons dans soos al die ander verliefdes en loop nes al die ander hand om die lyf na ons tafel toe nadat die musiek opgehou het. Op hierdie dorp skinder almal. Nee, op hierdie dorp skinder al die normale mense oor die abnormales. Dié wat effens anders is as die res.
>
> "Ek wonder met wie van hulle drie vry daai *girl* nou eintlik?"

**Vrae :**

2.1 Waar is die verteller en Doepie? [1]

2.2 Wat is die verhouding tussen die verteller en Doepie? [1]

2.3 Wie sê die volgende woorde :

2.3.1 "Ek wonder met wie van hulle drie vry daai girl nou eintlik? [1]

2.3.2 "Solank jy onthou ons hou jou dop." [1]

2.4 Sê hoekom die volgende stelling onwaar is.
Die verteller is oud genoeg om in hierdie plek te wees. [1]

2.5 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Net daar trek ek Envir van sy stoel af op en verlei hom in 'n smeulende lambada op die dansvloer waar niemand anders nou dans nie. Die outjie se oë volg elke beweging van my uittartende lyf. Kyk, ek kán dans. As mens met Doepie, Envir en Jerome uithang, ken jy elke liewe dans*move* wat ooit uitgedink is. Die vier van ons het niks gemeen nie, behalwe dat ons mense se tonge fiks hou en soms 'n klomp twak aanvang net vir die *fun*. En om almal iets te géé om oor te praat.

2.5.1 Is die volgende stelling Konnotatief of Denotatief?
"Om mense se tonge fiks te hou". [1]

2.5.2 Verduidelik die betekenis van die bogenoemde stelling. [1]

Blaai om ... Hy

Hy trek my aan my hand op en ons dans een laaste keer saam voor hy my weer by Envir-hulle gaan los. "Hoe lyk dit, kan ek volgende Saterdagaand vir jou kom kuier?" vra hy met 'n knipoog. "Nie hier in die klub nie. By jou huis. Dat ek self kan uitvind of jou ma van my hou. En dalk selfs jou pa ook." Hy glimlag selfversekerd, draai om en stap weg sonder om vir my antwoord te wag.

Ek kyk sy breë skouers agterna toe hy en twee van sy buddies saam by die klub uitstap. Dan kyk ek na Envir, Jerome en Doepie se wagtende gesigte.

Daar is 'n fladdering op die krop van my maag.

2.6 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.
"Hoe lyk dit, kan ek volgende Saterdagaand vir jou om kuier?"

2.6.1 Waarom wil die persoon haar daar gaan kuier? [1]

2.7 Die verteller het drie "bodyguards" gehad. Waarom, dink jy, het sy "bodyguards" nodig? Gee 2 redes. [2]

2.8 Die verteller het besluit om van haar "bodyguards" af te dank toe sy die jong man ontmoet het. Was dit die regte besluit om te maak? Motiveer. [1]

2.9 <u>Voltooi die paragraaf hieronder deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs EEN WOORD in korrekte Afrikaans</u>.

Envir, Doepie en Jerome is Chantal se <u>2.9.1</u> want hulle beskerm haar teen ander <u>2.9.2</u>. Die predikant se seun hou die <u>2.9.3</u> dop want hy hou van haar. Chantal se pa het geen kennis dat sy na 'n <u>2.9.4</u> toe gaan. Chantal se pa se beroep is 'n <u>2.9.5</u>. Aan die einde van die verhaal raak Chantal <u>2.9.6</u> op die predikant se seun. [6]

**[17]**

**GROOTTOTAAL : [35]**

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D: MRS R PANDAY

Downloaded from Stanmorephysics.com

Graad 11

September Toets – Letterkunde – 2019 vlakte

Verwagte Antwoorde

Vraag 1

1.1. EK-spreker / eerste persoon spreker ✓1 V1

1.2.1. C ✓1 V1

1.2.2 A ✓1 V1

1.3. "bladsye en bladsye vol" ✓1 V2

1.4. 'n Sterrekyker bestudeer hemelliggame ✓1

(3) 1.5. Sy rol dit in 'n koker ✓1 V2
bind dit aan 'n pyl ✓1
skiet die koker / dit met 'n wilgerboog ✓1

(2) 1.6. alliterasie ✓1 "d" klank beklemtoon hoe donker dit was / hoe ver dit (brief) getrek is / hoe ver in die lug die brief gegaan het ✓1 V2

1.7. of iemand haar brief gelees het / of hy sy pos/brief gekry het ✓1 V4

1.8. gee die leser 'n kans om te dink of die verliefde sy brief/pos gekry / gelees het. ✓1 V4

1.9. Gedig is oor 'n sterrekyker wat jou toekoms kan voorspel / reis / verwondering (aanvaar ander antwoorde gebaseer op gedig.) ✓1 V3

1.10.1 C ✓1 V2

1.10.2 A ✓1 V1

1.10.3 B ✓1 V3

(2) 1.11. leerlinge se antwoorde V5

(18)

Vraag 2.

2.1. In 'n Klub ✓ V1

2.2. Hulle is net vriende / die mans kyk uit vir Chantal ✓ V2 V1

2.3.1. Lance Ludik ✓ V1

2.3.2. En vir ✓

2.4 minderjarig - Sy was minderjarig / nog nie agtien nie ✓ V3

2.5.1. Konnotatief ✓ V4

2.5.2. Hulle gee iets om daaroor te praat / Hulle skinder oor iets ✓ V4

2.6.1. Hy / Lance Ludik wil sien of Chantal se ouers van hom hou. ✓ V3

(2) 2.7 Chantal / verteller voel veilig by hulle ✓ en hulle verwag niks ✓ V5
Dit sal ook ander seuns van haar weghou - hulle hoe haar ufa gevoel het.

2.8. heerlinge se antwoord ja / nee en motiveer ✓ V5

2.9.1. lyfwagte ✓
2.9.2 seuns ✓
2.9.3 verteller ✓
2.9.4 nagklub ✓
2.9.5 stasiebevelvoerder
2.9.6 verlief / dolverlief

(17)